# LAERSKOOL CONSTANTIAPARK

# *Akademiese Meriete toekennings*

## GRAAD 4-7 LEERLINGE

By Laerskool Constantiapark word 'n hoë premie geplaas op Akademie. Ten einde leerlinge aan te moedig om akademies te presteer, word akademiese toekennings aan die einde van die akademiese jaar gemaak. Die beleid het ten doel om as beligtende denkmiddel te funksioneer om leerlinge by te staan om akademiese doelwitte te stel en prestasie by hulle aan te wakker.

**1. HÓÉ ONS DIE WÁT DOEN!**

1.1 *Jaarpunt vir Graad 7:*
Die gemiddeld van kwartale een, twee, drie asook die prestasie wat aan die hand van deurlopende assessering tydens kwartaal 4 behaal is, word in berekening gebring.

1.2 *Promosiepunt vir Graad 4-6:*
Die promosiepunt word bereken deur die jaarpunt en eksamenpunt saam te voeg. Hierdie punt word ook na die GDO gestuur.

1.3 *Rapportpunt/Slaagvereistes*
Punte wat tydens die jaareindeksamen behaal word, word benut om die rapportpunt en slaagvereistes te bepaal. Die persentasieverdeling is soos volg:
Gr 4-6: 75% deurlopende assessering en 25% vir die Eksamen.
Gr 7: 40% deurlopende assessering en 60% vir die Eksamen.

**2. TOEKENNINGS**

2.1 *Graad 4-6-Toekennings:*

- Sertifikaat van verdienste — (Toegeken vir goeie vordering in 'n vak)
- Uitstekende prestasie — (Toegeken vir prestasie van 80% en hoër)
- Brons sertifikaat: — In 1 of 2 vakke: Uitstekende prestasie behaal
- Silwer sertifikaat: — In 3 of 4 vakke: Uitstekende prestasie behaal
- Goue sertifikaat: — In 5 of 6 vakke: Uitstekende prestasie behaal

2.2 *Graad 7-Toekennings:*

| | |
|---|---|
| • Sertifikaat van verdienste: | Vir goeie vordering in 'n vak |
| • Uitstekende prestasie: | Vir prestasie van 80% en hoër |
| • Brons sertifikaat: | In 1 tot 3 vakke: Uitstekende prestasie |
| • Silwer sertifikaat: | In 4 tot 6 vakke: Uitstekende prestasie |
| • Goue sertifikaat: | In 7 tot 9 vakke: Uitstekende prestasie |

2.3 *Erekleure*

2.3.1 Vereiste vir gr. 4-6 erekleure:

- 'n Leerling moet 'n gemiddeld van 85% verwerf EN moet in AL 6 vakke ten minste 80 % behaal.

2.3.2 Vereiste vir gr. 7:

- 'n Leerling moet 'n gemiddeld van 85% verwerf EN moet in AL 9 vakke ten minste 80% behaal.

Leerlinge kan 'n maksimum van 4 keer *Erekleure* verwerf. Hulle ontvang die volgende toekennings:

- Eerste keer wat leerling erekleure verwerf - Rooi Balkie
- Tweede keer wat leerling erekleure verwerf - Silwer Balkie
- Derde en vierde keer wat leerling erekleure verwerf - Goue Balkie

*'n Leerling kan byvoorbeeld vir die eerste keer in graad 7 'n Rooi Balkie ontvang.*

2.4 *TOP 10 per vak*

Die Top 10-toekennings word aan die tien leerlinge gemaak wat die beste in 'n bepaalde vak presteer.

2.5 *TOP 10 per graad*

Die Top 10-toekenning in graadverband word gemaak aan 10 leerlinge in 'n bepaalde graad wat volgens hulle gemiddeldes die beste presteer.